N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Virtuele erediens op 6 September 2020

N.G. Oudtshoorn-Welgeluk

Prediker: Ds. Bertine Malan

Teks: Psalm 136: 1-9

Tema: Moet jou nie laat onderkry nie!

1. Loof die Here, want Hy is goed.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
2. Loof die oppermagtige God.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
3. Loof die magtigste van alle maghebbers.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
4. Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
5. Hy het die hemel met soveel insig gemaak.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
6. Hy het die aarde op die waters gevestig.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
7. Hy het die groot hemelligte gemaak,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
8. die son om te heers oor die dag,
Aan sy liefde is daar geen einde nie.
9. die maan en die sterre om te heers oor die nag.
Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

Gemeentelike kommunikasie en eredienste

Die kerkraad sal so spoedig moontlik na die 15 de September 2020, nadat die jongste besluite rakende die ramptoestand en gepaardgaande inperkings deur die regering aangekondig is, vergader om te besluit wanneer eredienste in die kerkgebou hervat sal kan word . Hou asb. in gedagte dat onder vlak 2 van inperking slegs 50 mense per diens geakkommodeer mag word asook ander maatreëls bv. dra van maskers, sosiale afstande ens. ens.

Eredienste is wel op ons digitale media op die verskillende platforms beskikbaar.

Die virtuele erediens van 6 September 2020 se onderskeie skakels is soos volg:-

Youtube

https://youtu.be/knHW83Ki1Lo

Facebook live

https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/videos/688950915298960/

en net vir die klankbaan op "Soundcloud"

https://soundcloud.com/user-614749129/klankbaan-erediens-6-september-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk

Baie geluk aan ons 70 - plussers wat die week verjaar:

Anne-marie Lombard	8 September
Esmé Hechter	9 September

Voorbidding

- **Ons dink in ons gebede aan die volgende persone vir hul gesondheid:**

  - Joey Strydom van Buitekantstraat 57;
  - Johanna Kriel van Rademeyerstraat 43A;
  - Setta Wepener van Jan van Riebeeckweg 26;
  - Andeline Olivier van Melvillestraat 1;
  - Johan Coetzee van Prima Vera 7;
  - Alwyn Marais van Buitekantstraat 7;
  - Carolien Du Toit van Jakarandalaan 10; en
  - Anél Hugo van Bothastraat 25.

  - Ons dink aan die volgende persone wat geliefdes aan die dood afgestaan het. Bokka De Jager en Blackie Swart met hul onderskeie pa's se afsterwes.

- **Ons bid ook vir die volgende sake:-**

  - Uitkoms vir reën in ons Klein-Karoostreek wat erg deur die voortslepende droogte geraak word asook ander droogtegeteisterde gebiede in ons land;
  - Dankbaarheid vir die reën wat die afgelope tyd in ons streek geval het;
  - Die maatskaplike en politieke uitdagings wat ons land in die gesig staar;
  - Die moeilike omstandighede van medegelowiges in Zimbabwe en Bosnië; en
  - in die besonder die korona-virus pandemie.
    - Sodat die virus nie verder sal versprei nie;
    - Herstel en genesing vir dié wat reeds geïnfekteer is;
    - Vrede en troos vir diegene wat geliefdes verloor het;
    - Vir al die gesondheidspersoneel; en
    - Wysheid vir die regerings wat die uitbreek van die virus moet bestuur.

Program vir die Week:

Maandag: 7 September 2020:
17:30 Bediening vir die eiendomme
18:30 Gemeentebediening

Dinsdag: 8 September 2020:
18:30 Bediening vir Getuienisaksies

Donderdag: 10 September 2020
18:30 Bediening vir die Finansies

- **Gemeentelike finansies:**

  Daar word graag van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat te midde v.d. baie moeilike en onseker tye steeds nougeset hul bydraes elektronies oorbetaal of per koevert gee.

  Sou u van elektroniese betaling gebruik wou maak is die bankbesonderhede van die gemeente soos volg:

NG Oudtshoorn – Welgeluk	NG Oudtshoorn – Welgeluk
Nedbank	ABSA
Takkode: 175205	Takkode:632005
Tjek rek nr.: 1006783962	Tjek rek nr.: 1120580066

  Daar is ook 'n posbus aangebring in die deurloop teen die muur tussen die moederskamer en die nisse van die kerk, agter die palissade (vir veiligheid, maar bereikbaar per hand) waarin u dankoffer/offergawe met ’n geruste hart kan ingegooi.

  Baie dankie vir julle liefde, vriendelikheid en lojaliteit gedurende hierdie baie moeilike tyd.